



KAMMANUUS

Nommer 371

24 Maart 2014

'n Publikasie van Onsdorp.com

TOULEIER



Ons knoop 'n kwaai geveg aan teen 'n gesonder lewe(r)

So word ek en Annabelle toe laas Vrydag na 'n verjaarsdag-brunch genooi. Sommer binne slingerafstand van ons nuwe blyplek. Daar word elke Vrydag en Saterdag in omtrent elke hotel in Doha 'n noenontbyt gevier. Meeste van hulle het 'n aanhou-volmaak-vonkelwynopsie. Wees net gewaarsku, as jou lewer swak is of as jy cholesterolprobleme het, hou verby, sommer wyd verby.

Saam met vier maatjies betree ons toe die kosparadys van die Ritz met sy vonkelwyn-opsie. Dis loshande die beste van die hele lot hier in Doha. Die eetsaal herinner my aan die Hotel Metropole naby die Rooiplein in Moskou. Die reusesaal het ook so 'n hoë plafon en is met blou en wit wolke geverf. Ons tafel is vlak by 'n tweeman-orkes. My aanvanklike vrees van steurende harde musiek word gou weggestreel wanneer die kitaarspeler en sy aanvallige jong Kubaanse meisie met haar noupassende wit klinknaelbroekie wegval met sagte Latynse klanke en 'n paar ou bekende deuntjies wat net die regte stemming skep vir lekker eet en kuier.

Eerste orde van besigheid is die bestel van die vonkelwyn. Die drie rokers aan die tafel gaan slaan gou 'n dampie in die pragtige groot tuin net buite die eetsaal. Terwyl ons aan die eerste van baie glasies begin teug, kyk ek rond. So met die instap het ek gemerk daar is 'n area met 'n groot verskeidenheid lekkergoed vir die kinders. Van bakke vol Smarties tot molshope jellieboontjies. Tussen al die lekkers sit 'n vet teddiebeer wat kinders wys hoe hulle gaan lyk na al daai soetgoed.

Langs dit is die roomyswaentjie, gevolg deur die kerrietafel. Dan kom die vleiseiland. Vandag is dit sappige biefstuk en lamstjoppies wat nog deel is van die rugstring. Als uitgepak tussen geurige heelgebraaide sampioene. Die tjoppies word afgesny soos jy kom vra en met pipperment vleissous bedruip. Gebraaide glansaartappels langs dit. Een van te veel keuses. Daar is ook 'n tafel met Arabiese geregte waarby ek nie eens uitgekom het nie. Agter ons is daar 'n Franse ganslewerstasie waar jou stukkie lewer vars gebraai en op 'n brosbroodjie gelaai word saam met 'n verskeidenheid bessiesouse waarmee jy hierdie fynkos geniet.

Intussen beweeg daar al hoe meer mense die eetsaal in ek verkyk my aan die mengse. Werklik kosmopolitaans. Met die aksent op kos. Van vet ronde lyfies wat in rooi minirokkies gestop is tot ringkoppe in volle mondering. Ek plaas 'n paar foto's op Bakkiesboek vir dié wat self wil kyk.

Neffens die ganslewer bied hulle gebraaide kreefsterte en garnaal tempura aan en biefsosaties wat klaar van die stokkies afgehaal is. Ek hou eers verby en gaan laai my bord met gaar garnaalstertjies en gerookte salm asook oopgesnyde sneeukrappote. Saam met dit neem ek pienk mayonnaise, kappertjiesade, gemmerkerfies en groen wasabi terug tafel toe.

Oral deur die saal is daar groot ronde tafels waarop piramides nagereg uitgestapel is. Als in sulke klein bakkies of glasies. Creme Brulee, mini tjoklit eclaires, roompoffertjies, baklava en meringues, te kies en te keur. Ek geniet drie brulees. Toe kom Doug tafel toe met Arabiese broodpoeding. Kyk. daar is broodpoeding en dan is daar Arabiese broodpoeding. Mensig, is ek na nou dese verslaaf aan daai lekkerny! Dis meer iets soos melksnysels in kondensmelk. Ek gaan skep toe nog roomys bo-op dit. Twee bakke later gooi ek handdoek in. Ons sal maar weer moet teruggaan vir 'n volgende rondte teen hierdie vyand van gesonde lewe.

Hennie Greeff

Doha, Katar

UITGEWER VAN KAMMANUUS

Om die kampvuur

Kaapse sêgoed

So 'n knippie Kaapse sêgoed van die bruin mense:

- ♦ **Hou jou linne binne.**
(Moenie uit die huis praat nie.)
- ♦ **Jy - ek wag vir jou môre**
(Jy neem nou te lank.)
- ♦ **Moenie my swak kyk nie**
(Moenie jou met my misgis nie.)
- ♦ **Blom net daar waar jy staan my kind** (Wees trots op jouself/wie jy is.)
- ♦ **Jy vreet soos iemand wat van jou dood gehoor het**
(Jy eet met lang tande.)

Die Taal wen veld!



SLIM LOGO'S (4)

Maatskappye bestee klein fortuintjies aan die ontwerp van logo's. Miskien sal jy nou verstaan hoekom, en in die toekoms fyner oplet!



Daar is 'n dansende beer bokant die 'ble'. Toblerone sjokoladestafies se oorsprong is Switzerland, waar berge volop is en wie se nasionale simbool die beer is.

Namakwalandse byname

- ♦ Kaggelspinnekop - 'n lang, loslittige man.
- ♦ Mouteroë - 'n ou met groot ronde oë (soos motorbande).
- ♦ Jan Pyn - 'n regte klakous.
- ♦ Bloudrom - 'n kort, dik en blas man wat altyd 'n stoppelbaard gedra het.
- ♦ Rondomlelik - selfverduidelikend.

Die herkoms van ons gesegdes (25)

Morsdood: Morsdood wees (heeltemal dood wees)

Die mors- van morsdood het in ouer Nederlands "verpletter" beteken waaraan vermorsel, moord verwant kan wees. Die koppeling met -dood lyk dan heel logies.

Mossie: So dood soos 'n mossie (morsdood)

Daar is geen logiese verklaring vir mossie in hierdie vergelyking nie. In Nederlands en Vlaams is iemand, iets so dood soos 'n wurm (pier) of muis. Miskien is 'n dooie mossie in Suid-Afrika net 'n bekender gesig as in Nederland.

Mou: Iets uit die mou skud (met iets onverwags vorendag kom)

Dit kom uit die tyd toe mense klere met baie wye moue gedra het, en talle dinge daarin kon wegsteek (soos ook die kulkunstenaar wat die aap uit die mou kon laat).

Muisneste: Muisneste hê (deurmekaar wees van verliefdheid)

Muizenissen in Nederlands is afgelei van Middelnederlands musen "peins" (vergelyk Engels "to muse"); later het dit die betekenis van "swarmoedige gedagtes" gekry, wat 'n mens afgetrokke laat raak. Waarnemers sou dan dink dat iemand deurmekaar is, soos 'n verliefde persoon dikwels is.

Nael: Laat nael (vinnig weghardloop)

Na aanleiding van die manier waarop sekere diere hulle naels gebruik om vinnig te kan hardloop; vandaar ook dat ons praat van 'n naelloop.



Bied met trots aan
AANDKLASSE VIR MANS
TWEDE DAG

KLASSE IS SLEGS VIR MANS!

Almal is welkom!

Let wel: Weens die moeilikheidsgraad sal klasse nooit groter as 8 mans wees nie.

DAG TWEE

Leë melkkartonne: Hoort hulle in die yskas of die vullisdrom?

Groepbespreking en rollespel

Gesondheid: Om vir haar blomme te koop is nie sleg vir jou gesondheid nie

Power Point aanbieding

Ware mans vra rigting as hulle verdwaal

Persoonlike vertelling deur een man wat dit gedoen het

Is dit geneties moontlik om stil te sit terwyl sy dubbelparkeer?

Bestuursimilasie

Hoe om saam inkopies te doen

Ontspanningsoefeninge, meditasie en asemhalingstegnieke

Die onthou van belangrike datums en hoe om te bel as jy laat is

Bring jou kalender en dagboek saam

Aanvaarding dat jy altyd verkeerd is

Individuele beraders beskikbaar

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com



HOE LANK DAN?

Die bruid is in die kerk se gang af begelei en toe sy by die preekstoel kom, staan die bruidegom daar met sy gholf sak langs hom.

Sy is baie verbaas om dit te sien en vra:

"Wat maak jou gholf sak hier?"

Hy kyk haar reguit in die oë en sê: "Hierdie affêre gaan seker nie die hele dag lank duur nie, gaan dit?"

LEGENDES

Hoe legendes begin:

In Engeland: Once upon a time...

In Amerika - Long, long ago...

In Suid-Afrika - Onthou jy daai aand toe ons so gesuip was?

HULLE IS VOLOP!

Julius Malema stap in die Amerikaanse kroeg in met papegaai op skouer.

"Waar kry jy hom?" vra iemand.

"In Afrika, daar's miljoene van die goed," sê die papegaai.

REGTE GESKENK

Gatiep en Meraai breek op, maar Gatiep het darem vir Meraai 'n geskenk gekoop. Meraai skeur die lint af en maak die boks oop.

"Wat moet ek maak met 'n rocket?" vra sy.

Gatiep kyk vir haar en glimlag: "Jy soek mos space... nou BOGGEROFF!"

DAAR IS NOG

Die dominee besoek 'n gevalle lidmaat wat ernstig siek is.

Op die bedkassie staan 'n halfvol bottel brandewyn.

Die dominee sê teleurgesteld:

"Broer, is dit nou al waarheen jy jou kan wend vir hulp?"

"Nee, Dominee," antwoord hy. "Daar is darem ook mos nog 'n vol bottel in die hangkas."

TWEE BLONDINES

Twee blondines is by 'n toegesluite motor, een sit in die kar en die ander een probeer met 'n stuk bloudraad van buite af om die venster oop te maak sodat sy haar sleutels kan kry.

'n Man stap verby en vra: "Kan die dame in die kar jou nie dalk help nie?"

Vies kyk die blondine hom aan: "Maar sy help mos! Sy sê 'Bietjie hierdie kant toe, bietjie daardie kant toe!'"

LAAT HOM LY!

Die man en vrou baklei die aand.

Baie ontsteld tel die vrou die foon op en bel haar ma en sê:

"Ma, Bertus al weer met my baklei ... ek gaan by julle kom bly!"

Haar ma antwoord: "Nee, hy moet betaal vir sy foute! Ek kom trek by julle in!"

DIE TOWENAAR VAN ID deur Parker





SMS-boodskappe tussen man en hond

Hond: Grys Man: Groen



**Kondome waarborg ook nie meer veilige seks nie.
'n Vriend van my het een gedra en hy is deur sy buurvrou se man doodgeskiet.**

Goed voorberei



Die getuie van 'n motorongeluk word in die hofsaal ondervra oor die gebeure.

"Jy sê jy het gesien hoe die ongeluk gebeur?"

"Ja, ek het."

"En hoe ver het jy van die kar gestaan wanneer jy sê jy het dit sien gebeur?"

"Ek het 3,76 meter van die kar gestaan."

"Hoe kan jy so seker wees van die afstand?"

Die getuie het diep asem gehaal en geantwoord:

"Want ek het geweet dat een of ander onnosel advokaat in die hof gaan probeer om my te verwar. Ek het die maatband uit my sak gehaal, die afstand gemeet en dit neergeskryf."



Pollie se storie

Die papegaai sit voor 'n dierwinkel in Mitchells Plain en 'n vrou stap verby.

"Hey, Lady," sê Pollie, "dji's darem maar k*klelik!"

Die vrou is natuurlik hoogs ontsteld en stap aan werk toe. Op pad huis toe loop sy weer verby die winkel en die papegaai sê dieselfde rympie.

Die volgende dag gebeur dit weer, en die vrou stap by die winkel en sê sy gaan die winkel aankla en die papegaai vrek maak.

Die winkeleienaar belowe hy sal met Pollie praat en dat hy nie weer so ongeskik sal wees nie.

Die volgende dag stap sy weer verby, en die papegaai roep haar: "Hey, Lady!"

Sy stop en sê: "Ja? Wat soek jy?"
Pollie: "Aag, dji wiet mos!"



Hy laat glad nie op hom wag nie

Of jy nou 'n hond besit of nie, moet jy hierdie ou se pogings om sy hond te verkoop waardeer:

Hond te koop.

Gratis aan goeie huis

Uitstekende waghond

Eienaar kan Jethro nie meer bekostig nie omdat daar geen meer dwelmsmuse, diewe, moordenaars, verkragters of molesteerders in die buurt is nie. Dit laat hom met niks om te eet nie.

Die meeste bure ken Jethro net by sy Chinese straatnaam: Ho Lee Shit.



Lekker los gedagtes vir die dag

Besef julle dat oor 40 jaar of so daar duisende ou mans en vroue met tattoes sal rondloop?

Kan jy jou indink hoe dit gaan lyk?

♦En rapmusiek sal tot die Goue Oues-kategorie behoort.

Ander sinvolle gedagtes:

♦As jy 'n kat streel, het jy 'n permanente taak begin.

♦Geld kan 'n goeie hond koop, maar net vriendelikheid sal hom sy stert laat swaai.

♦'n Goeie tyd om jou mond te hou, is wanneer jy in diep water is. En as jy in 'n diep gat is, is dit goed om op te hou grawe.

♦Hoe gebeur dit dat 'n kind wat bang vir die donker is 'n tiener word wat heelnag wil uitbly?

♦Sakekonvensies is belangrik want hulle toon met hoeveel minder mense die maatskappy kan klaarkom.

♦Geld koop nie geluk nie, maar dis tog geriefliker op 'n Porsche as op 'n trapfiets.

♦Geld kan ook nie liefde koop nie, maar jy kan 'n goeie namaaksel daarvan kry.

Stamboom

Help ons familiespeurders

CRONJE lduplessis@koshcom.co.za

My oupa was Johannes Adolf Cronje gebore 25/08/1892 en het naby Stilbaai op 'n plaas groot geword. Danie (Dyle) en Pieter was van sy broers. As my inligting reg is, is die oorspronklike plaas se naam Grootjongensfontein. Die plase was langs die ou Kafferkuilsrivier, weet nie wat dit nou genome word nie. Wil graag hoor van die familie. Linda

CROUCAMP thesteynfamily@gmail.com

Op soek na enige inligting oor Anna Elizabeth Croucamp, 1894-1940. Ek verneem sy was voorheen getroud en het dalk ander kinders gehad, ek weet dus nie wat haar nooiensvan was nie. Sy is in ongeveer 1931 met Douw Gerbrand Steyn getroud en hulle het een seun gehad: Hermanus Hendrik Steyn (1934-1990).

JOHANNES anienaber8@gmail.com

Al die familie was in die Vrystaat.

KAIN dawnm736@gmail.com

Was woonagtig en is gebore op 7 Julie 1947 in Graaf-Reinet en gesterwe op 15 Januarie 2014.

LIEBENBERG liebenmg@iway.na

My skoonpa was Johannes Matheus Liebenberg en is getroud met Martha Gertruida Boshoff, en was woonagtig in Namibia in die Feldschuhorn distrik Bethanie. Hulle het 6 kinders gehad. Hy is gebore 1920/09/15.

MICHAELS dawnm736@gmail.com

Moeder se nooiensvan was Morris, getroud met Michaels. Afkomstig van Oudtshoorn. Vader was afkomstig van Plettenbergbaai, Weskaap.

STEYN thesteynfamily@gmail.com

Ek soek aseblief enige inligting oor Douw Gerbrand Steyn geb.7/5/1869 in Cradock in die Kaap Provinsie. Hy was die jongste kind van 8, (5 broers en 3 dogters). Hy het gepraat van sy geliefde Steenkoppies in die Kaap, of dit die plaas was waar hy met skape geboer het tot Circa, 1913 is ek onseker oor. Hy het Johannesburg toe verhuis in 1913/14 waar hy as bouer gewerk het. Hy is 3 maal getroud, 32 jaar met die 1ste vrou" (Catherina M Pretorius) 5 jaar met die 2de vrou (onbekend tussen 1921 en 1930) en 9 jaar met die 3de vrou (Anna Elizabeth Croucamp 1894-1940) Hy het 18 kinders gehad, 7 seuns en 11 dogters. Van die 18 kinders was daar in 1954 nog net 5 oorlewendes, 4 dogters en 1 seun (Hermanus Hendrik). Drie van die dogters het in Johannesburg (Westdene, Mayfair West, Brixton area gewoon), en was weduwee's. Die 4de dogter (JC Murray) was gelukkig getroud en het in Natal gewoon.

Van die kinders se name is onder andere: Andries Michiel, Hans Jurgens, Elsie Rachel, Catharina Margaretha en Johanna Catharina.

Hy het onder Genl.De wet en Ben Viljoen geveg in die boere oorlog.

In sy familie bybel is die volgende inskripsie: "Geschenk aan D Steijn 19/9/1909"

"Jan A Steijn, Johannes Snijman, HS van der Walt, Abraham van der Walt, A van der Walt, A de Klerk, A Snijman, C Steijn, E Steijn".

Hy sterf in Johannesburg, 02/03/1955 en is begrawe in West Park begragplaas.

UYS jfkdev@gmail.com

Ek het die Uys Familieregister van 1984 herskryf in die metode van C.C de Villiers. Enige nuwe inligting sal waardeer word.

VOS vospieter@yahoo.com

My ouers het van die Oos-Kaap gekom. Net buite Grahamstad. Wil graag meer inligting hê om ons stamboom klaar te maak.

VOSLOO vospieter@yahoo.com

My ma het grootgeword op Robbehoek in die Tsitsikamma bosse. Wil graag meer inligting oor haar voorgeslagte hê, sodat ek ons stamboom kan klaarmaak

NET DIE REGTE BOEK

Die man stap by Exclusive Books in en vra die vroue-assistent:

"Het julle dalk 'n boek oor mans met kort penisse?"

Sy antwoord: "Ek is nie seker of hy al in is nie."

Man: "Dis presies wat ek soek. Ek sal hom koop."

AGTEROS

Net voor uitspantyd



“

As ek sien Lady raak so snuffelrig, dan sê ek vir haar: 'Kom, dis tyd lat ek en jy vir Kaptein gaan kuier.'

Deur DANA SNYMAN

Hy kom na my gestap toe ek uit my bakkie voor die Spar op Saldanha klim. Ek skat hom iets in die twintig. Op sy kop is 'n vuil, geel keppie en aan sy voete 'n paar nerf-af skoene, wat van bo af lyk soos twee kontinente in 'n ou skoolatlas. Onder sy arm hou hy 'n hondjie vas.

"Wil my lanie nie hierie hondjietjie by my koop nie?" vra hy.

Die hondjie het iets van 'n Amerikaanse veghond in hom – 'n pikswart veghond: kort bene, breë borskas en snoet, gespitste oortjies.

"Hoeveel wil jy vir hom hê?" vra ek.

"Net one-twenty, my lanie."

"Wat's sy naam?"

"Hy't nog nie 'n naam nie, my lanie."

"En sy ma?" vra ek. "Waar's dié?"

"Die ma is by my huis, my lanie. Haar naam is Lady."

"Watse soort hond is Lady?"

"Sy's familie van 'n rirug, my lanie."

Ek hou my hand na die hondjie toe uit en druk met my duim op haar snoet. Haar snoet is koud en klam. Sy begin aan my hand lek.

"Hoekom verkoop jy haar?" Dis 'n dom vraag, besef ek.

"Ek soek geld, my lanie. Hier's mos nie werk op hierdie plek nie." Hy kyk smekend na my. "Net one-twenty, my lanie. Hy's 'n gewillige bakleier. Hy sal niemand by my lanie se huis lat ingat nie. Sy pa is 'n pit bull."

"'n Opregte pit bull?"

"Soort van, my lanie. Hy kort net pampiere."

"Wat's die pa se naam?"

"Kaptein."

"Is Kaptein ook joune?"

"Nee, my lanie. Hy's my oompie s'n. My oompie bly in die Diazville in. Ons is saam in die ding. Ek gee vir Lady, hy gee vir Kaptein. Verkoop ons die kleintjies, split ons die geld."

"O, julle teel met die honde," sê ek.

"Net so, my lanie. As ek sien Lady raak so snuffelrig, dan sê ek vir haar: 'Kom, dis tyd lat ek en jy vir Kaptein gaan kuier.' Dan vat ek haar na my oompie toe. Dan moet hulle maar hul make maak, my lanie."

In my verbeelding sien ek twee mans, 'n oue en 'n jonger een, voor 'n huis in die township sit en kyk hoe twee honde, 'n "pampierlose" Amerikaanse veghond en 'n baster-rirug, rondom mekaar draai en draai.

"Hoeveel het julle al verkoop?" vra ek.

"Meer as twintig, my lanie."

"Wie koop die hondjies?"

"Hier is mense wat hulle koop, my lanie."

"Moenie vir my sê jy verkoop dit aan die mense wat die honde laat baklei vir geld nie."

In die plaaslike koerant was al verskeie berigte oor hondegevegte in Diazville.

"Nee, my lanie. Ek sal dít nooit doen nie.

"Moenie vir my sê jy verkoop dit aan die mense wat die honde laat baklei vir geld nie."

In die plaaslike koerant was al verskeie berigte oor hondegevegte in Diazville.

"Nee, my lanie. Ek sal dít nooit doen nie."

Ek vryf weer oor die hondjie se kop. "Waarom wil julle die honde laat baklei?" vra ek. "Is jy nie lief vir hulle nie?"

"My lanie weet mos hoe dit gaan: Vir 'n arm man is liefde mos maar net 'n gewoonte."

KAMMANUUS verskyn weer op 7 APRIL